FINANSIËLE OORSIG SEPTEMBER 2018:

Dankoffers vir September sover: R15 788
Mikpunt: R50 000 p.m.
Erediensoffers vir September sover R5225
Mikpunt: R12 000 p.m.

Verjaardae vir die Week

Charlotte Janse van Rensburg	**16 Sep**
Eden Russell	**16 Sep**
Juanita du Plessis	**16 Sep**
Phillip Geldenhuys	**19 Sep**
Maatjie Greeff	**19 Sep**
André Swart	**20 Sep**
Babette van der Linde	**22 Sep**

Sendingwerkers vir die week

Hulle bestuur 'n Sorgsentrum vir stasie-kinders in Varanasi, Indië. Hulle het 'n wassery begin om die kostes te help dek en laat weet dit gaan goed. Hulle vra gebed vir Lorette se vader, Thys, wat baie siek in en nou permanente sorg benodig. Hulle vra dat ons saam met hulle bid vir haar ouers se huis om te verkoop en ook dat hulle 'n goeie versorgingsentrum sal kry vir beide haar ouers.

Rahul en Lorette Jaguasi: Indië

Voog: Johan Marx

NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family who with open doors joyfully reach out to our community.

Die Bulletin: 16 September 2018

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom in die erediens.
'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente.
Het jy geweet dat jy die Bybel op jou foon kan aflaai?

Oggenddiens:

09:00	Kategese
10:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Spreuke 1:20-33
Tema:	Mense wat dink hulle is slim, is nie altyd so slim nie.
	Muntlegging
11:00	Tee na die erediens
Deuroffer:	Bediening aan Jode

Aanddiens:

18:00 Erediens:	Dr. Johan van den Heever
Skriflesing:	Jakobus 3:1-12
Tema:	*Gelowiges hou hulle tonge in toom.*

Deuroffer vir volgende week: *Instituut vir Dowes*

Indien jy gebed of huisbesoek benodig, voltooi asb. die groen vorm in die kerk of kontak die kerkkantoor by 021 686 4315.

Algemeen

1. **Railway Vintage Market:**
   28 September 16:00-20:30. Ons fokus is die jongmense in ons gemeenskap. Stalletjies sal baie bepaald op hulle behoeftes probeer fokus. Stalletjies gaan aan buite-uitstallers verhuur word vir R50.
   Ons wil die mark klein begin en hoop om dit 'n permanente instelling hier by ons te maak.
   Kontak vir Arina by 071 594 9659 vir meer inligting.
   *** Neem 'n los blaadjie op die tafel in die saal om iemand te nooi!**

2. **Elektroniese bydraes:** Indien jy steeds 'n kontant- of tjekbydrae maak ten opsigte van jou dankoffer en toegang tot internet-bankdienste het, wil ons vra dat jy sal oorweeg om eerder 'n internet-oorbetaling van jou betrokke bydraes te doen. Ons het lidmate wat op 'n maandelikse bedrag besluit het en met die bank gereël het om elke maand 'n debietorder-oorbetaling in ons rekening te doen. Ons bankkostes is hoog en ons wil graag daarop spaar. Ons maandelikse bankkoste beloop om en by R1 520 waarvan R570 kontant-inbetalingsfooie is. Ons sal enige hulp in hierdie verband waardeer.

3. **GROOT DANKIES!!!!**
   Dit is met groot waardering en dankbaarheid wat ons vir elkeen wat die afgelope paar weke bygedra het ten opsigte van nuwe klanktoerusting vir ons saal, wyn vir "Exorcist of Apartheid" se aand en ook ons nuwe sekuriteitshekke by die kantoor-kompleks, wil dankie sê.
   Dankie ook vir die finansiële bydraes wat ons van tyd tot tyd ontvang om onvoorsiene kostes te dek. Dit word opreg waardeer!

4. **Avondrus-kuier:** Ons maandelikse besoek by Avondrus is gereël vir Dinsdag 18 September om 15:00. Kom drink saam met ons 'n koppie tee.

5. **Vrouegebedsgroep:** Die volgende Vrouegebedsgroep sal op Vrydag 21 September om 10:00 gehou word. Al ons gemeente se dames word genooi om hierdie gebedsgeleentheid by te woon. Kontak vir Ina du Toit by 074 143 3325 vir meer inligting.

Oordenking vir die week

Siekes Tuis:
Flip Rossouw, Huis Piet du Toit/ Siekeboeg
Thys Willemse, Lorette Jaguasi se vader (tuis)
Cora Louw, Huis Lückhoff
Hospitaal:
Bennie Havenga, Nurture Newlands Hospital
Alida Havenga, Akeso Milnerton Kliniek

Bybelleesrooster
16 September - 22 September

So	Spreuke 1: 1-19	Do	Jakobus 3: 13-18
Ma	Spreuke 1: 20-33	Vry	Markus 8: 22-26
Di	Psalm 19	Sa	Markus 8: 27-38
Wo	Jakobus 3: 1-12		

[3]Die een dag gee die berig deur aan die
ander en die een nag deel die kennis aan die
volgende mee. [4] Sonder spraak en sonder
woorde, onhoorbaar is hulle stem.

PSALMS 19:3-4 AFR83

Program vir die week

Maandag:
19:30 Jedida
19:30 Maranata Omgee

Dinsdag:
15:00 Avondrus-besoek
18:00 - 20:00
Gekombineerde vergadering van beide Steundienste en Bestuurs-bediening vir oorsig van beleggings.

Woensdag:
15:00 Bybelstudie H/L

Vrydag:
10:00 Vrouegebedsoggend